

Sing vooraf staande: Psalm 86:3 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:2 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
Amen.

Psalm 25:9 (p. 117)

- 9 Slaan op my ellende u oë, / hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Skriflesing: Markus 11

Teks: Markus 11:25; Kategismus Sondag 51

**En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle
Vader wat in die hemele is, ook julle julle oortredinge mag vergewe.**
(Markus 11:25 AFR1953)

Ons moet volkome glo aan dit wat ons in ons gebede begeer.

- Ons moet so 'n kinderlike vertrouwe hê op die almag van God, dat ons die dinge wat ons vra,
op so 'n manier verwag asof ons dit al gekry het.
- Maar dan moet ons gebed in die teken van gehoorsaamheid aan die Here staan, en moet ons
ook die versoening en vergewing van Christus ons eie kan maak.

Daar is baie aspekte wat ons almal se vermoë raak om mense wat teenoor ons foute gemaak het, te
vergewe. Ons kyk na die volgende sake:

1. **Vergewing en skynheiligheid**
2. **Vergewing en gebed**
3. **Vergewing en bekering**

1. Vergewing en skynheiligheid

Wat die Here Jesus vir sy dissipels gewys en gesê het, was vir hulle 'n waarskuwing van hoe 'n mens nie sy geloofslewe, en veral sy gebedslewe, moet hanteer nie.

- Eers was daar die vyeboom wat selfs buite die vyeseisoen vertoon het asof hy vrugbaar was.
- Die boom se verdroging was simbolies van dit wat hy in werklikheid in homself was – skynheilig asof hy is wat hy nie was nie.

Daarna was dit die tempelreiniging waar die gelowiges en hulle leiers die kerkgebou en ook hulle geloofsgebruike misbruik het om 'n beeld van geloof voor te hou, terwyl hulle hele opset een van ongeloof was.

- Hulle het al hulle geloofsbeginsels heeltemal misgetas.
- Daarom het hulle die tempel omskep in 'n handelsentrum, en moes die Here selfs met geweld die plek terugverander in 'n bidplek.

Hierdie soort van innerlike doodsheid moet eers afgeskud word voordat die eerlike gelowige in sy gebed voor die Here se troon gaan staan.

- Anders gaan die Here sulke mense met die bypassende dood straf – waarvan die vyeboom 'n duidelike simbool is.

In hierdie gedeelte word daar een aspek van die gebed uitgelig:

- Die verhouding wat jy het met jou naaste.
- Voordat jy met God omgaan, is daar aspekte in jou verhouding met jou naaste wat eers uitgeklaar moet word.
- Die saak is inderdaad so ernstig dat die wette van die Ou Testament vereis het dat jy glad nie mag offer voordat jy nie eers alles wat tussen jou en iemand anders staan, gaan regmaak het nie.

Ons lees daarvan in Matteus 5:23, 24:

As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe. (Matteus 5:23, 24 AFR1953)

Dit is nie moontlik om deur die gebed die Here as't ware in jou diens te stel – soos wat in sommige gebede gebeur nie.

- Ons moet eers van harte bely en erken dat die Here God is.
- Dit beteken dat ons in alle opregtheid eers die eer van die Here moet soek, en dat elke gebod in ons lewe nagekom oet word.

Dit is vanselfsprekend dat ons nie onbeperk kan bid en dat die Here enige ding wat ons vra sal gee nie – so asof ons in die geloof enige ding van die Here sal kry nie.

- Daar is baie keer dinge wat ons in ons sondes wil hê wat heeltemal verkeerd is.
- Die Here sal nie sulke gebede verhoor nie.
- Die enigste manier hoe ons reg sal kan bid, is wanneer ons eers ons verhouding met God en met ons naaste regkry voordat ons bid.

2. Vergewing en gebed

Die gebod wat al die gebooue saamvat, is die liefdesgebod.

Voordat ek kan bid, moet my hele lewe eers my liefde vir God en my totale afhanklikheid van Hom bewys.

- Afhanklikheid van die Here beteken dat ek as ek bid die behoefte moet ervaar dat die Here my sondes moet vergewe.
- Iemand wat nie beseft dat hy verlore is as sy sondes hom nie vergewe word nie, se verhouding met die Here kort nog baie ontwikkeling.
- Van die ander kant af gesien is dit so dat dit net verwaandheid is wat jou so sterk op jouself sal laat vertrou dat jy nie jou eie sondes beseft nie.
- Dit is verwaandheid wat maak dat iemand nie beseft dat sonder skuldvergifnis en versoening daar vir hom geen toekoms by die Here is nie.

Die Here trek die beginsel van skuldvergewing verder as net die verhouding tussen jou en die Here.

- Hy trek dit ook deur na die verhouding tussen jou en jou naaste.
- Jy moet inderdaad alles wat jy teen ander mense het, aflê voordat jy kan bid:

En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle julle oortredinge mag vergewe. (Markus 11:25 AFR1953)

Daar is 'n hele paar dinge in hierdie saak ons wat sterk opval:

- Die eerste is dat dit nie saak maak of die ander persoon skuldig is of nie skuldig is nie.
- Jy moet die gesindheid van jou kant af regkry.

Die Here het nie in hierdie gedeelte 'n probleem met wat die ander persoon aan jou gedoen het nie.

- Dit is heeltemal 'n ander saak wat op 'n totaal ander manier deur die Here hanteer word.
- Hier gaan dit oor die gevoel wat in my binnekant is teenoor ander mense.
- En as daar 'n gevoel van wraak of van haat of wat ook al is wat nie reg is nie, eis die Here van my kant af bekering op hierdie punt.

Die tweede punt is dat die Here wil hê dat ek alle spanning wat ek teen ander mense in my omdraers heeltemal moet uitstryk en dat my binnekant heeltemal reg moet wees voordat ek begin bid.

- Die Here soek my nie in die gebed voor Hom voordat ek nie hierdie verhouding skoongemaak het nie.
- My gemoed moet teenoor elke mens uitgeklaar wees, want die Here wil hê dat ek self skuldvergewing moet kan toepas.

Die saak is vir die Here baie ernstig.

- Ons moet nie 'n beeld voorhou asof ons goed met mense klaarkom, maar in ons binneste is daar maar steeds krupperigheid teenoor sekere mense nie.
- Dan is ons soos die vyeboom.

Daarom koppel die Here skuldvergewing aan ons gebedslewe.

- Niemand kan lewe sonder om te bid nie.
- Maar ons kan (mag?) ook nie kom bid as ons nie sake wil regmaak nie – ook hierdie saak.
- Daarom leer die *Onse Vader* ons om te bid dat ons vergewe sal word soos wat ons vergewe.
- En dan sê die Here baie duidelik dat Hy ons nie ons sondes sal vergewe as ons nie ander mense se sondes ook vergewe nie (Matteus 6:12, 14, 15; Matteus 12:31, 32).

Nog 'n saak is dat die Here jou ook nie die dinge wat jy verkeerd gedoen het, vergewe as jy nie self eers teenoor ander vergewing van sondes toegepas het nie.

- Die dood van die Here Jesus was tot versoening van alle uitverkorenes, en daarom eis die reg van God dat ek nie iets in my teen 'n ander mens mag dra wat reeds deur die bloed van Christus versoen is nie (Matteus 26:28).
- Ek moet afstand doen van enige vorm van verwaandheid waarmee ek die reg van die Here wil toepas deur te besluit of ek vir iemand kwaad mag bly of nie.

- Is dit nie dalk waarom so baie van ons gebede onverhoord bly nie? Omdat ons gesindheid teenoor ander mense nie reg is nie!

3. Vergewing en bekering

Om hierdie saak reg te kan verstaan, moet ons gaan kyk na die manier hoe die Here self sondes vergewe.

- Daar is geen enkele mens wat nie bitterlik teen die Here oortree nie.
- Tog leer die Bybel ons dat die Here nie al hierdie mense verdelg en vernietig dat daar van hulle niks oorbly nie.
- Hy leer ons dat Hy 'n God van liefde is.
- So groot is sy liefde dat Hy sy Seun as mens gebore laat word en selfs veroordeel en aan 'n kruis laat ophang om sy toorn oor die mense se sondes te dra.

Hierdie vergewing van die Here is volmaak.

- Hy verwyt nie weer nie, en Hy vergewe ook nie gedeeltelik sodat ons ook 'n stukkie moet bydra nie.
- Hy vergewe ons heeltemal.

Daarom vra Hy dat ons in ons lewe presies moet uitlewe wat Hy vir ons gedoen het.

- Dit is ook belangrik om daarop te let dat daar baie dinge is wat deur die Here aan die vergewing van sondes gekoppel word.
- Dit is dinge soos bekering, wedergeboorte, en selfs ons doop.
- Die doop word natuurlik genoem omdat dit juis die sakrament is wat ons herinner aan die vernuwning wat ons ondergaan het deur die bloed van die Here Jesus Christus.
- Daar is ook Bybelgedeeltes wat vergewing van sondes koppel aan ons lewe in die hiernamaals.

Daar is seker nie een van ons wat nie van tyd tot tyd deur iemand verontreg word nie.

- En daar is verseker geen mens wat so goed lewe dat hy nooit krapperig is teen ander mense nie.
- Hier pas hierdie vermaning van die Here in.

Ons moet elke oomblik verstaan wat dit beteken dat die Here Jesus ons met God versoen het.

- Hierdie versoening plaas ons in 'n nuwe gemeenskapsverhouding met die Here en met ons naaste.
- Dit is nie meer die verhouding soos wat dit in die Ou Testament was waar 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand gegeld het nie.
- Dit is 'n houding waarin ons die versoening van die Here Jesus moet belewe, maar ook moet uitdra.

Dit is terselfdertyd 'n verhouding waarin ons deur God die Heilige Gees verander is sodat ons in hierdie versoening van Christus kan lewe.

- Daarom is die eis van die Here op ons strenger: Ons moet hierdie saak van versoening en vergewing eers met ons naaste regkry voordat ons bid.
- Die Here kan dit met reg van ons eis omdat ons in 'n tyd lewe waarin sy raad baie verder gevorder het as byvoorbeeld in Abraham se tyd.
- Ons staan veel dieper as daardie mense in die kollig van Jesus se genade – trouens ons leef reeds in die vroeë ure van God se wederkoms.

Kom ons gee aandag aan hierdie saak, en ons maak seker dat ons in ons binnekant vry is van wraak en van krapperigheid teenoor ander mense.

- Natuurlik vra dit van ons bekering.
- En natuurlik vra dit van ons selfverloëning.
- Wie van ons is daar wat nie weet hoe swaar dit soms is om nederig te wees en om die minste te wees nie?

Maar dit is die pad. Ons het al die hulp uit die hemel self om op hierdie punt tot bekering te kan kom.

- Die liefde van God die Vader en die versoening deur Jesus Christus, en daarmee saam die leiding van God die Heilige Gees.
- Kom ons kry ook op hierdie punt ons gebedslewe reg, sodat die Here ons ryklik kan seën.

Kom ons lees saam wat in ons belydenis hiervan geskryf staan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 51:

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).*

(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 13 Februarie 2011